# OPENBARE DEELNAME

# HULPMIDDEL

***Lewer kommentaar oor omgewingsimpakassesserings (OIA) vir olie- en gasprojekte***

## Jy het die reg om kommentaar oor hierdie proses te lewer.

**Boorwerk vir olie en gas aan die Suid-Afrikaanse kuslyn kan die seelewe, seewater en die manier waarop kusgemeenskappe lewe en 'n bestaan maak, beïnvloed. Suid-Afrikaanse wetgewing gee aan alle belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GP), met inbegrip van gemeenskappe, die reg om insette en opinies oor hoe dit hulle kan raak, te lewer.**

Voordat enige verkenning of boorwerk kan begin, moet maatskappye 'n Omgewingsmagtiging (OM) bekom. Hierdie proses sluit 'n Omgewingsimpakassessering (OIA), wat soms 'n omgewings- en maatskaplike-impakassessering (OMIA) genoem word, in.

Afhangende van die projek, kan die OIA bestaan uit 'n basiese assessering of 'n meer diepgaande assessering (fase 1 & 2):

1. Die bestekopnamefase; en
2. Die Omgewingsimpakassesseringsfase (OIA)

**Gedurende albei hierdie assesserings, die basiese en die meer diepgaande assessering, sal 'n oproep uitgaan om kommentaar in te dien.**

**Hierdie handleiding sal vir jou wys hoe.**




Gelewer in September 2025

# Die Omgewingsimpakassessering

Die **Omgewingsimpakassesseringproses (OIA)** vereis dat die moontlike impakte van 'n projek deeglik geëvalueer word, voordat enige verkenning vir of produksie van olie en gas begin. Die onderstaande is 'n oorsig van die hoofstappe betrokke.

**BESTEKOPNAME & OMGEWINGSIMPAKVERSLAGDOENING**

**BESTEKOPNAME**

**DIEN AANSOEK IN**

⇩

**KENNISGEWING VAN OIA**

⇩

**KONSEP- BESTEKOPNAMEVERSLAG**
(30 dae openbare kommentaar)

⇩

**FINALE BESTEKOPNAMEVERSLAG**

**IMPAKASSESSERING**

⇩

**BESLUIT OOR BESTEKOPNAMEVERSLAG**

⇩

**KONSEP- OIA-VERSLAG**

(30 dae openbare kommentaar)

⇩

**FINALE OIA-VERSLAG**

⇩

**BESLISSING** ⇨ **APPÈL**

Die wet vereis van projekaansoekers om die plaaslike gemeenskappe gedurende die OIA-proses te raadpleeg .

Die finale OIA-verslae, wat openbare kommentaar insluit, word deur die besluitnemer (plaaslike of nasionale regering) gebruik om te besluit of omgewingsmagtiging vir 'n projek toegestaan sal word.

## Wat moet jy in ag neem wanneer jy kommentaar voorlê?

**Projekte het 'n direkte en 'n indirekte invloed op gemeenskappe en op ons klimaat en dit is belangrik om na te dink oor wat hierdie invloed kan behels. Die onderstaande vrae sal jou help om die invloed van die projek op jou gemeenskap te identifiseer en daaroor na te dink.**

- **Bestaansmiddele:** Hoe sal hierdie projek my bestaansmiddele, werk of inkomste beïnvloed?

- **Gesondheid:** Sal die projek 'n impak op my of my gemeenskap se gesondheid hê?

- **Ligging:**
  - Hoe sal die projek my toegang tot en gebruik van die strand en die oseaan beïnvloed?
  - Vang ek gewoonlik vis in die projekgebied of vaar ek deur die projekgebied om toegang tot my gewone visvanggebied te verkry?

- **See- en kusdiere en -plante:** Sal die projekwerksaamhede beïnvloed hoe die vis- en voëlspesies in die gebied beweeg?

- **Voordele:**
  - Sal die projek werk aan my of my gemeenskap verskaf?
  - Watter soorte vaardighede is nodig om in diens gestel te word?
  - Is dit langtermynwerk?
  - Watter voordele sal die projek vir my gemeenskap inhou?

- **Hoe ons lewe:**
  - Hoe sal hierdie projek jou kulturele en geestelike praktyke wat met die see en die kus verband hou, beïnvloed?
  - Hoe sal hierdie projek my gemeenskap se verhouding met die see beïnvloed?

- **Klimaatsverandering:** Sal die projek ons klimaat verander en hoe sal dit ons daaglikse lewens en toekomstige geslagte raak?

- **Toekomstige geslagte:**
  - Hoe sal hierdie projek ons kinders en toekomstige geslagte beïnvloed?
  - Wat is my rol in die beskerming van hulle toekomstige maatskaplike en omgewingsbelange?



# Hoe om jou kommentaar te struktureer

**Daar is geen template of vereistes vir die struktuur van jou kommentaar nie. Die onderstaande is 'n voorbeeld van hoe jy jou kommentaar kan struktureer.**

**1.Wie is jy? Tree jy namens iemand anders op? Waarom is die projek vir jou van belang/tersaaklik?**

| |
|---|
| |

**2. Noem jou hoofbesware teen die projek en noem of hierdie besware tydens die openbare konsultasies aangeraak of gehanteer is.**

| |
|---|
| |

**3. Meld op watter wyse jy voel dat hierdie projek jou bestaansmiddele en die bestaansmiddele van die gemeenskap sal beïnvloed.**

| |
|---|
| |

**4. Verklaar op watter wyse jy voel dat hierdie projek jou toegang tot en gebruik van die oseaan sal beïnvloed en hoe dit die beweging van dierespesies (voëls, vis, ens.) sal beïnvloed.**

| |
|---|
| |

**5. Noem die positiewe impakte wat die projek vir jou of jou gemeenskap sal inhou, indien enige.**

| |
|---|
| |

**6. Verklaar op watter wyse jy voel dat die projek jou kulturele en geestelike erfenis sal beïnvloed as dit sou voortgaan.**

| |
|---|
| |

**7. Verklaar of die openbare konsultasies plaasgevind het in 'n taal wat jy verstaan en of dit jou gehelp het om te verstaan waaroor die projek handel. Is die positiewe en die negatiewe impakte met jou bespreek?**

| |
|---|
| |

**8. Enige ander kommentaar of besware.**

| |
|---|
| |

Naam: _______________________________________
Gemeenskap/Area: _________________________
Adres: _____________________________________
Tel: _____________________________________
e-Pos: _______________________________________

Handtekening ___________________

Datum __________________